**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 12**

**VRAESTEL 2**

**PROEF EKSAMEN 2019**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

3. Beantwoord **AL** DIE VRAE.

   **AFDELING A: ROMAN**
   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA**
   Beantwoord die vrae oor die volgende drama: ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

***STERKTE!!***

**AFDELING A: ROMAN**

**VRAAG 1**

***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Beantwoord AL die vrae.

**TEKS A**

**"Klas, die tyd raak min. Een van die dae moet julle die grootmenswêreld pak. Hoeveel van julle weet al wat julle volgende jaar gaan doen?"**

**Hier en daar steek iemand lusteloos 'n hand in die lug.**

**"Nou goed, ons gaan die volgende paar periodes iets aan die saak doen," sê hy beslis.**

**Hy deel vir elkeen 'n vormpie uit. Daarop moet hulle, hulle naam invul en watter beroep hulle eendag wil beoefen.**

**"Jy móét iets invul, al weet jy nog nie wat nie. Skryf iets waarin jy belangstel."**

**Lien skryf byna outomaties "prokureur" op haar vormpie. Sy kyk verbaas na wat sy geskryf het. Prokureur. Dit klink vir haar skielik soos brandweerman of ruimtevaarder of speurder. Prokureur was al die jare die plan gewees, maar al-daai-jare is lankal verby.**

**Sy oorweeg dit om die woord dood te krap en iets soos "tuisteskepper" of "sakkiepakker by Checkers" te skryf. Sy twyfel of meneer Bruwer sal dink dis snaaks.**

**Sy wil eintlik "weg" skryf. Hoe kry 'n mens "weg" reg? Sy kan dalk 'n paar prentjies en patroontjies op die papiertjie se rand teken, soos die deelnemers aan *The weakest link* maak.**

1.1 Watter vak bied meneer Bruwer aan? (1)

1.2 Wat was die "plan" vir Lien se "vorige lewe"? Noudat jy die hele storie ken, gee twee feite. (2)

1.3 Wat het meneer Bruwer met die papiertjies gemaak nadat die leerlinge dit ingevul het? (1)

1.4 Wie het die leierskap van Lien se groepie geneem? Gee die persoon se naam. (1)

1.5 Verduidelik hoe die volgende mense die verlies in hulle lewe hanteer:

1.5.1 Lien (1)

1.5.2 Braam (1)

1.5.3 Ma (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 1.6 A

**Lien was "verbaas" dat sy "prokureur" op die lysie geskryf het. (Reël 10)**

Uit hierdie woorde kan ons aflei dat Lien ...

A. se planne dieselfde gebly het.
B. nooit so moeilike werk wou doen nie.
C. se toekomsplanne verander het.
D. nog altyd iets anders wou doen. (1)

1.7 Noem twee take wat elke groepie moes verrig as deel van hulle projek. (2)

1.8 Waarom dink Lien sal die Regte nie by die volgende mense pas nie?

1.8.1 Sally Swanepoel (1)

1.8.2 Hein Venter (1)

1.9 Gee twee redes waarom Lien besluit het om 'n deeltydse werk te soek. (2)

1.10 **Lien het drie werke gehad.**

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die EEN woord langs die vraagnommers neer.

Lien se eerste werk was in 'n (1.10.1) ... wat aan tant Malie behoort het. Millenium Creations, haar tweede werk, was 'n (1.10.2) ... , en Dirkie en Donovan was die eienaars. As laaste uitweg het Lien besluit om op die straathoek te gaan staan en 1.10.3 ... (3)

**EN**

**TEKS B**

**Dis lekker. Sy is bly sy het gekom. Maar Riekie se naam duik kort-kort in die gesprek op. Riekie sê dit en Riekie sê dat. Wouter sê dit sommer terloops, so asof Riekie hulle albei se pel is, niks ongewoons nie.**

**Lien kan nie verstaan waarom dit haar so irriteer as hy Riekie se naam noem nie. Sy voel tog nie só oor Wouter nie. Hy is haar beste pel. *No strings attached*. En sy het niks teen Riekie nie. Die *girl* is nogal *nice*rig.**

**Op die ingewing van die oomblik besluit sy om vir Wouter die guns te vra wat sy al lank uitstel om vir Dirkie te vra. Sy voel sleg dat Dirkie haar so rondry en Wouter is beslis 'n beter roep. Sy kan haar Dirkie nie in die Bloubul-winkel by Loftus voorstel nie.**

**"Ek moet dringend 'n Bloubul-vlag en 'n Bloubul-petjie by die winkel by Loftus koop – jy weet, die winkel waar hulle rugbyaandenkings en sulke goed verkoop."**

**"Goodness me," sê Wouter terwyl hy nog tamatiesous op sy tjips gooi. "Wanneer het jy 'n Bloubul-*fan* geword? Jy is mos nie eintlik *into* rugby nie." Hy kyk haar ondersoekend aan.**

**"Dis vir 'n ... kollega. Dis 'n geskenk." Sy haal 'n paar note uit haar sak. "Ek weet nie wat dit kos nie, maar as dit te min is, sal ek later met jou regmaak. O ja, kyk asseblief ook of jy 'n fluitjie van *some sort* kan kry. Een van dié wat die skeidsregters gebruik of so iets. Dit moet baie lawaai maak."**

1.11 **"Maar Riekie se naam duik kort-kort in die gesprek op."**

1.11.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie aanhaling kan 'n mens aflei dat Lien nie van die idee hou dat Wouter so baie van Riekie praat nie. Die rede hiervoor was dat (Lien self verlief op Wouter was/Wouter vir haarself wou hê) (1)

1.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.11.1 met EEN feit uit die roman. (1)

1.12 In hierdie verhaal gebruik Lien haar geld vir die huis en om Tibbey te help.

Wat sê dit vir ons van Lien se karakter? (1)

1.13 Waarom het Wouter haar hierdie spesifieke dag na die Wimpy genooi? (1)

1.14 Verskillende mense het 'n positiewe of 'n negatiewe uitwerking op Lien se lewe gehad.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die oorsaak in KOLOM A te pas. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 1.14.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.14.1 Wouter wou hê sy moet by die skoolaktiwiteite betrokke raak. | A. Lien reël vir hom vervoer en verblyf. |
| 1.14.2 Christien het vir hulle lekker kos gekook en gesels soos in die ou dae. | B. Sy besluit om drama te gaan studeer. |
| 1.14.3 Ma het baie dronk by die skool opgedaag. | C. Lien het gedink dinge sal nou regkom by die huis. |
| 1.14.4 Tibbey was in 'n verskriklike ongeluk. | D. Tibbey werk by die Entertainment Corner. |
| | E. Sally het haar verseker dis nie haar skuld nie. |

(4)

1.15 **Lien het 'n karretjie vir Tibbey gereël.**

1.15.1 Wie bou die karretjie? Gee sy naam. (1)

1.15.2 Wat wil hierdie persoon eerder na skool doen as om 'n prokureur te word? (1)

1.16 Waarom het Tibbey so min met Lien gepraat terwyl hy in die hospitaal was? (1)

1.17 Waarvoor is die fluitjie wat Wouter moet koop? (1)

1.18 Wat was die twee voorwaardes wat meneer Van Biljon vir Tibbey gegee het om weer daar te kom bly? (2)

1.19 Het Lien haar ouers aan die einde van die verhaal vergewe? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.20 Hoe het haar pa gevoel toe hy hoor Lien wil nie meer 'n prokureur word nie? Gee een woord om sy gevoelens te beskryf. (1)

1.21 Wat is die figuurlike betekenis van Lien se **lankstaanskoene**? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 35 PUNTE**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 2: PALJAS (Chris Barnard)**

**TEKS C**

**34. 'n Leë stuk Karoolandskap met die horison hier naby. Net 'n bossiebult. Dan verskyn die kop en rug van 'n olifant oor die horison. En eers wanneer hy halfpad oor die bult is, word die nar sigbaar wat voor hom stap; 'n nar in volle mondering, wat hom aan 'n tou lei. Die olifant hou die tou met sy slurp vas.**

**Klein Willem staan vir die aankomende prosessie en kyk.**

**Die nar stap reg op Willempie af. En kom staan voor hom.**

**Nar: Hello.** (*Die kind antwoord nie.)* **Wat is jou naam?** *(Niks.)* **Is jy skaam?** *(Nog geen reaksie nie. Willempie kyk net vir die olifant.)* **Dè.** *(Hy druk die tou in die kind se hand.)* **Loop bietjie met hom.** *(Die kind staan net met die tou.)* **Trek hom. Jy sal sien. Hy sal loop as jy trek.** *(Willempie staan net. En die nar begin aanstap. Hy stap weg van hulle af. Tien tree weg kyk hy om.)* **Bring hom! Trek; hy sal kom.** *(En Willempie kyk vir die olifant. En trek. En die olifant kom.)* **Jy sien?**

**35. 'n Montage van die olifant wat al agter Willempie aanstap. Eers met die nar naby hulle. Dan met die nar op die agtergrond. Daarna net Willempie en die olifant. Oor 'n bult, deur die land vol koringbale, deur 'n stroom water, oor 'n brug, deur 'n bos. Willempie stap al hoe regopper, al hoe meer kordaat – en die olifant waggel agterna.**

2.1 Gee die naam van die stasie waar hierdie verhaal hom afspeel. (1)

2.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**In die drama word die Karoo as ('n pragtige paradys/'n vyandige plek) uitgebeeld.** (1)

2.3 Verduidelik wat die titel van die drama, Paljas, beteken. (1)

2.4 Wat is die nar se naam? (1)

2.5 Hoe verander die nar die volgende mense se lewens?

2.5.1 Willem. (1)

2.5.2 Hendrik en Katrien. (1)

2.5.3 Emma. (1)

2.6 Pas die beskrywing in KOLOM B by die dramatiese strukture in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord, bv. 2.6.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.6.1 Ontknoping | A. Willem en die nar word goeie maats. |
| 2.6.2 Bekendstelling | B. Die sirkustrein kom daar aan. |
| 2.6.3 Krisis | C. Die verhoudings binne die gesinsverband is herstel. |
| 2.6.4 Motoriese moment | D. Die nar word geskiet. |
| | E. 'n Verlate Karoolandskap word gewys. |

(4)

2.7 Waaruit is dit duidelik dat Katrien nie eintlik vir haar huis omgee nie? (1)

2.8 'n Sekere persoon veroorsaak baie spanning by Hendrik wat Katrien aanbetref.

2.8.1 Wie is dié persoon? Gee sy naam. (1)

2.8.2 Wat doen hy wat Hendrik so frustreer? (1)

2.9 Wat is die rede dat Willem nie meer praat nie? (1)

2.10 Wat leer die nar vir Willem om sy probleem te oorkom? (1)

2.11 Die dorpmense het nie die nar en Willem se speelplek verstaan nie. Wat het hulle gedink en gesê gebeur in die skuur? (1)

2.12 Verduidelik hoe dit gebeur het dat die polisie en dorpsmense die skuur deursoek het. (1)

**EN**

**TEKS D**

**HENDRIK: Naand ...**

**Katrien en Emma-hulle gee nie pad nie. Hulle staan en kyk.**

**OUDERLING BOTHMA: Naand, Hendrik.**

**Hulle kom tot by hom. Hulle lyk ongemaklik.**

**HENDRIK: Kan ek help?**
**SAKKIE: Ons het maar net kom sê ons is jammer oor daardie spul. Dit was nie nodig nie.**
**HENDRIK: Ag, nee wat. Kyk.** *(Hy hou sy arms oop.)* **Ons makeer niks.**
**OUDERLING BOTHMA: Die mense het begin ry anderkant. Die dans is in sy kanon in.**
**HENDRIK: Kom in. Kom sit. Ek was juis van plan om 'n knertsie te gooi.**
**SAKKIE: Die vrouens sit in die kar.**
**HENDRIK: Nou bring hulle. Bring hulle. Bring hulle.**

**Hy wink hulle nader terwyl nog twee motors kom stilhou.**

**143. Nollie en Emma is alleen in die eetkamer. Langsaan in die voorkamer is 'n gedruis van stemme, musiek en gelag. Emma staan langs 'n stoel met haar hand op die leuning. Nollie sit sy hand op hare neer. Sy kyk vir hom. En albei weet: dit gaan nou gebeur. Uiteindelik. Sy gesig kom baie stadig nader na hare toe, en haar mond wag onseker vir syne.**

**Die middeldeur vlieg oop en Willem kom binne.**

**Nollie en Emma ruk van mekaar af weg.**

**En Willem steek vas. Hy het 'n eier in sy een hand en die konsertina in sy ander hand. Hy steek die eier in sy hempsak.**

2.13 **Die dans is in sy kanon in.**

2.13.1 Van watter "dans" praat ouderling Bothma? Gee die naam daarvan. (1)

2.13.2 Verduidelik hoe hierdie dans ontstaan het. (1)

2.14 **Tegniese aspekte van die drama**

2.14.1 Wat word deur die nommers (bv. 143), verteenwoordig? (1)

2.14.2 Waarom is daar woorde wat skuinsgedruk in hakies is? (1)

2.15 **Karakteruitbeelding**

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs die nommer en EEN woord neer.

(2.15.1) ... is die protagonis in die drama. Die karakter wat hom teenstaan word die (2.15.2) ... genoem. 'n Derde karakter wat konflik tussen hierdie twee veroorsaak, word die tritagonis genoem. In hierdie drama is dit (2.15.3) ... (3)

2.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

**Die groot gebeurtenis net voor die dans, was**

A. toe die dominee die gesin beskuldig het van duiwelaanbidding.
B. toe Willem weer begin praat het.
C. toe Emma weer begin klavier speel het.
D. toe die nar geskiet is. (1)

2.17 Die volgende stelling is **ONWAAR.** Gee 'n rede om dit te bewys.

**Manuel het besluit om vir altyd by Willem te bly.** (1)

2.18 Verduidelik hoe dit gebeur het dat Emma ingewillig het om saam met Nollie na die dans te gaan. Jy moet minstens twee feite noem. (2)

2.19 Waarom was die McDonalds so geskok nadat hulle by die dans uitgeklim het? (1)

2.20 Noem een van die kossoorte waarmee die mense die McDonalds bestook het. (1)

2.21 Gee die naam van die man wat hierdie aanval op die McDonalds begin het. (1)

2.22 Terug by die huis is dit Emma wat Hendrik en die gesin aanvat oor hulle probleme.

Wat, sê Emma, (a) gaan hulle nooit weer doen nie? En (b) sal hulle van nou af altyd doen? (2)

2.23 Nadat die mense aan die einde om verskoning kom vra het, en hulle by Hendrik se huis partytjie hou, word 'n belangrike tema by die drama bygevoeg. Wat word hierdie tema genoem? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 35 PUNTE**
**SOMTOTAAL : 70 PUNTE**